

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
29 Julie 1973

Onderwerp: Jesus die ware Brood en Drank
Nagmaal

Lees: Johannes 6 verse 22 tot 35

Teks: Johannes 6 vers 54

Sing: Psalm 65 verse 3 en 7
Psalm 25 vers 9
Gesang 100 vers 7

“Aan die oewer van die See van Galilea het Jesus vyf duisend mense gevoed met slegs vyf brode en twee vissies. Dit was ’n wonderwerk wat in die smaak van die skare geval het. Hier het hulle nou iemand gehad wat brood kon maak. Dit was iemand so ná aan hulle hart. Só iemand sou hulle graag as koning wou hê, omdat hy brood aan vyf duisend mense kon gee, sonder arbeid en sonder vergoeding. Dit was honger massas wat hier die beangste hand na Jesus uitgesteek het.

“Dieselfde skare het die volgende dag vir dieselfde rede weer na Jesus gekom, waarop Jesus hulle gewaarsku het teen hulle vleeslike, selfsugtigheid; wat in niks anders as die versadiging van hulle buik belanggestel het nie.

“Hierdie jammerlike toestand van die skare is eintlik ’n weerspieëling van die lewe van die mensheid deur die eeue heen. Teenoor hierdie verafgoding van die stoflike en hierdie gees van materialisme, kom Jesus nou met die enigste geneesmiddel as Hy Homself aanbied as die ware Brood en Drank van die lewe wat vanuit die Hemel neergedaal het: ‘Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.’ (Joh 6:35) En hiermee word bedoel dat wie Jesus Christus besit, geestelik versadig is. Só iemand het rus gevind vir siel en liggaam in die algenoegsame soenverdienste van die Seun van God aan die kruis van Golgota.

“Broers en Susters, hierdie waarheid wil die Nagmaal vanmôre weer opnuut aan ons beklemtoon. Hierdie teken van Jesus Christus se liggaam en bloed wil elke soeker daaraan herinner dat die diepste honger en dors van ’n sondaar net in Jesus Christus bevredig kan word.

“Hierdie Jesus is vanmôre hier teenwoordig. En ons sien Hom nie maar net as die Leermeester deur wie ons onderrig word nie; óf die Meester wie se gebooië gevolg moet word nie; óf as die Voorbeeld waarna ons moet strewen nie. Maar ons leer Hom hier ken by die lig van die aangrypende aankondiging: ‘Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.’ (Joh 6:54)

“Die brood en die wyn hier aan tafel is simboliese tekens van Jesus Christus se teenwoordigheid. En Hy bied Homself daarin aan tot die versterking en verkwikking van ons lewe. Met ander woorde Jesus Christus is die onsigbare gasheer aan sy tafel. Hy buig Hom deur sy Gees tot ons neer en bring die tafel vir ons in gereedheid. Hier wil Hy ons hoof salf met olie en ons lewensbeker tot oorloopen toe vol maak. Hier wil Hy ons vertroue en versterk vir die pad wat Hy vir ons bestem het. Hier wil Hy ons ryk maak en versadig.

“Maar, Broers en Susters, let daarop as u in hierdie seëninge wil deel, staan die voorwaarde voorop: U moet Jesus Christus se vlees eet en sy bloed drink. Deur u geloof moet u Hom toeëien in u lewe. Hy moet Koning word op die troon van u hart, dan het u die ewige lewe.

“Hoe anders is die strewen van die natuurlike mens nie? Hul dag word grotendeels oorheers deur ’n strewen na die stoflike. Die mens sloof homself so dikwels af om seker te wees wat hy sal drink en wat hy sal aantrek. Sy lewe word so dikwels oorheers deur die onderhouding en bewaring van die tydelike. Die aandag is net toegespits op die tydelike belange. Die gesprekke gaan oor heersende pryse. Die begrotingsrede van die Minister van Finansies word ontrafel, om te sien waar dit tot ons stoflike voordeel is. Salarisverhogings is die belangrikste onderwerp van die dag. En al hierdie dinge is goed. Immers dit gaan oor die behoud van die liggaam en die instandhouding van die lewe. Maar midde in hierdie gesoek en gespartel oor die daaglikse brood, kom Jesus vanmôre voor ons staan en Hy proklameer die Ewigheidswaarheid: ‘Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe’.

“Broers en Susters, dan wil Jesus vanmôre vir elke stofgeankerde en wêreldsgebonde lewe sê: My bloed is belangriker en noodsaakliker as die brood en drank wat die liggaam versadig. Hierdie stoflike dinge kan vergaan en jy kan dit verloor. Net één skat kan nie deur mot en roes verniel word nie. Die versadiging van die siel en die ewige lewe is belangriker as die tydelike.

“Sal ons dan nie na Jesus luister nie?

“Broers en Susters, hier het ons ’n begrotingsrede wat ewigheidsbetekenis het. In hierdie begrotingsrede verseker die Koning van alle konings ons dat Hy ons wil versorg en versterk en wil laaf en voed met die ewige spyse. Dat Hy ons meer kan en wil gee as wat die wêreld ons ooit kan bied.

“Jesus Christus wil dit alles vir ons gee, verniet, sonder belasting, sonder enige betaling van ons kant: ‘O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle ’n ewige verbond sluit’. (Jes 55:1-3)

“Broers en Susters, die brood en drank van die Hemel is nie te koop nie. Wie sou dit ooit kon betaal? Wie sou dit ooit kon verdien? Wie sou homself ooit waardig kan maak met sy gebrekkige deug, met sy besoedelde trane en met sy onvervulde beloftes? Nee, Broers en Susters, na die Nagmaal gaan ’n mens alleen maar om te ontvang. Dit is louter genadebrood.

“Om dit te kan gee, moes Jesus dit verdien; moes Hy die volle strafgerig van God kom dra. Hy moes deur Getsemané en Golgota gaan. Daarom klink dit soos ’n heerlike lied as die Kategismus sê: ‘Die nagmaal van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus wat Hy self eenmaal aan die kruis volbring het’. (Heidelbergse Kategismus Sondag 30, vraag 80)

“Hierby hoef niks bygevoeg te word nie. Dit is genoegsaam. Jesus het alles volbring.

“Nagmaalsgangers dit alles kan u en my deel wees as ons vanmôre by hierdie feesmaal uit die diepte van ons hart kan getuig: ‘Wie het ek in die Hemel, Heer? Wie kan ek newens u begeer?’ Hierdie Nagmaal sal ’n heilige onthaal word vir hulle alleen wat kan uitroep: ‘Soos ’n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God.’ Dit is ’n hoogty net vir hulle wat kan sê: ‘U goedertierenheid, Here, is beter as die lewe.’

“Op die oewer van die meer van Galilea het Jesus ’n skare gevoed, ’n skare wat in niks meer belanggestel het as die versadiging van hul eie buik nie. Mag dit nooit van u en my gesê word nie. Maar mag ons, ons

heil sien en ons versadiging vind in die ware Brood en Drank van die lewe: Jesus Christus self.

“Dit is waar, ons leef elke dag in Jesus Christus se heerlike teenwoordigheid. Elke dag word ons deur Hom gesterk en gevoed. Maar die Nagmaal het Hy ons gegee as die hoogste fees van ons sombere lewe. En werklik, laat ons dit maar erken, op geen ander plek word die uitverkorenes van die Vader wat versoening ontvang het in die bloed van die Lam, só oortuig en só daarvan verseker dat hulle in Jesus Christus gekruisig is en met Jesus Christus opgestaan het nie. En nêrens kom hulle só onder die besef van die ondeurgrondelike misterie dat Jesus Christus met hulle is en in hulle is nie.

“Kortom, dit is by uitstek die Nagmaal wat deur die geloof die innigste getuig van hulle lewensgemeenskap in Jesus Christus.

“Hier luister ons na die stem van die Koning en hier aanvaar ons die belofte van onse Heer, wat die tyd omspan en wat ons lewens nou reeds laat straal van Hemelse geluk: ‘Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.’ (Joh 6:35)

“Amen.”